DIE KARAKTER VAN DIE KERK IN PERSPEKTIEF VAN HUIDIGE TEOLOGIESE BESINNING

P C POTGIETER

ABSTRACT

THE CHARACTER OF THE CHURCH – A PERSPECTIVE ON CURRENT THEOLOGICAL THOUGHT

The role of the church in society is currently much focused upon in theological thought. The author analyses various characteristics of the church with reference to views of well known theologians. As community of faith it is the body of Christ revealed very visibly in the world representing the kingdom of God. For that very reason the idea of a national church is unacceptable. The church is one, catholic and apostolic community, even particularly in its visible form. Though Scripture gives no clear guidelines on the structure of the church, there are many general biblical norms to be considered in ecclesiastical law and government.

In die huidige teologiese gesprek staan die besinning oor die kerk – sy karakter, sy taak, sy struktuur – sterk in die brandpunt. Die rede is ook meteens voor die hand liggend. Die kerk bestaan nie maar net in 'n indikatiewe modus nie: die imperatief van egte kerk-wees is 'n onontkombare verantwoordelikheid.

Voordat daar selfs maar gepraat kan word oor die kerk se rol in die samelewing, moet *kerkwees* grondig verstaan word. Die kerk is voor alles 'n geloofsgemeenskap met onvervreembare eienskappe, wat nooit losgemaak kan word van sy institutêre gestalte nie.

1. Geloofsgemeenskap

1.1 Standpunte

Oor die wese of karakter van die kerk bestaan daar 'n wye spektrum van beskouinge in die teologie. Enersyds is daar die siening van die kerk as **voortgesette inkarnasie** van Christus. Hierdie siening, waarvoor Rome bekend is, impliseer ook dat dié kerk die enigste kerk in die ware sin van die woord is. Andersyds word die kerk soms gesien as 'n **vrye assosiasie** van mense wat dieselfde doel nastrewe en dieselfde belange wil bevorder. As voorbeeld hiervan kan die Bevrydingsteologie dien: die kerk het in hierdie geval uit en uit 'n funksionele karakter. Sy omvang is dus ook veel wyer as 'n geloofsgemeenskap in Christus. Daarom word die term "popular Church" *(Road to Damascus)* in hierdie verband gebruik: dié wat hulle beywer vir die bevrydingstryd,